



Brought to you by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/English

May 2016 Edition 2



## Improving access to higher education

Page 5



## Working towards safer communities

Page 7

## JOBS INSIDE

# Building a better life for all

Cecilia de Vos Belgraver and Amukelani Chauke

President Jacob Zuma says government is working hard to protect South Africans against the effects of the negative global economic downturn on the local economy.

He emphasised that despite the economic challenges, government remains pro-poor and intent on making life better for all, especially for the poor and the working class.

"We have taken concrete measures to reduce the negative impact of the economic downturn of our economy and to prepare for robust growth when the economic cycle turns positive.

"We are also working hard to remove domestic impediments to growth."

The President said this during The Presidency Budget Vote in Parliament recently.

### GROWING THE ECONOMY

Part of government's efforts to reignite growth and build a better life for all includes implementing the Nine-Point Plan which aims to boost economic growth and create jobs.

"Energy is high up on the agenda. During last year's Presidency Budget Vote debate our country was facing an acute energy challenge. We have made remarkable progress since then," said President Zuma.

He added that the Ingula power plant will soon add 330 megawatts of electricity to the national grid and in five years' time South Africa will have surplus electricity. A renewable energy project for South Africa worth US\$180 million was recently approved by the BRICS Development Bank, which will have its African Regional Centre in Johannesburg.

"Most importantly, there has been no load shedding for close to a year now. It is clear that the decisions and steps we took are beginning to bear fruit."

### DEVELOPING INFRASTRUCTURE, CREATING JOBS

Government is also using infrastructure as a key instrument to create jobs and to build a better life for all.

"Through the Presidential Infrastructure Coordinating Commission, we have made tremendous strides in fast tracking infrastructure across the country.

"In the past year, we can count the building of 160 new schools, 29 new clinics, the connection of 245 000 houses to electricity and building close to 150 000 new houses. The construction of three universities, 12 technical colleges as



President Jacob Zuma says government is committed to making life better for all.

well as courts is on-going," said President Zuma.

He added that the construction of economic infrastructure is also continuing through the delivery of rail, road, dams, bus rapid transit systems, refurbishing ports, building boats and also the three new power stations.

"South Africa is a nation at work, with government leading the way, in building a better life for all."

### PROGRESS ON OPERATION PHAKISA

Government launched Operation Phakisa in the Oceans Economy in Durban in 2014, followed by Phakisa projects on the Ideal Clinic and basic education, focusing on information and communication technologies. Phakisa Mining will be launched soon.

Through Operation Phakisa government aims to implement its policies and programmes better, faster and more effectively.

To date much progress has been made.

"In less than two years we have invest-

ed billions of rands in infrastructure development."

These investments include: Transnet's National Ports Authority's R7 billion allocation for port infrastructure, R3.6 billion investments in boat-building and a fuel storage facility in Cape Town, the R80 million allocation for rehabilitating and maintaining proclaimed fishing harbours, and the establishment of three new harbours that will provide opportunities for local and rural economic development.

Phakisa Education has delivered electronic administration infrastructure to over 22 000 schools and over 1 500 schools now have internet connectivity, to the benefit of over a million learners across South Africa.

### WOMEN EMPOWERMENT

The President added that billions of rands have been set aside to support women-owned businesses.

He said the Status of Women in the South African Economy Report, which was produced by the Ministry in The Presidency

responsible for Women, exposed gaps and showed that more must be done to empower women in the economy.

"In September 2015, I issued a directive to economic cluster departments to place the empowerment of women centrally in their plans and in particular, in the Nine-Point Plan to further grow the economy.


"Progress is being made. The departments of Human Settlements, Public Works and Small Business Development are utilising the approach of set-asides to enhance women's empowerment," he noted.

President Zuma said women contractors were allocated over R3 billion of the Human Settlements Development Grant for the 2014/2015 financial year alone.

"This allocation was shared by over 112 female-owned enterprises."

As the country prepares to commemorate the 60th anniversary of the women's march to the Union Buildings, the President pointed out that a lot has been done to empower women.

# Verbeter toegang tot hoër onderwys



Die Regering het miljarde rande aan die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente toegewys om meer as 400 000 studente te help om hul studies voort te sit.

## Amukelani Chauke

**D**ie Regering is daar toe verbind om gehalte-, toeganklike, bekostigbare en diverse naskoolse onderwys te voorsien en sal seker maak dat akademies bekwame en finansieel behoeftige Suid-Afrikaners nie afgelaat word nie. Dit is volgens die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, Blade Nzimande, wat onlangs die departement se begrotingsrede in die Parlement gelewer het.

Die Minister het daarop gewys dat die Regering miljarde rande aan die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) toegewys het om meer as 400 000 studente te help om hul studies voort te sit.

"R4,57 miljard is in 2016/17 aan NSFAS toegewys, bestaande uit R2,54 miljard om te verseker dat 71 753 studente wat geen of onvoldoende fondse het, nou hul skuld kan betaal, en R2,03 miljard om te verseker dat hierdie studente, asook behoeftige studente

wat vir die eerste keer universiteit toe gaan, verder kan studeer," het hy gesê.

Nadat President Jacob Zuma 'n nulpersentstyging in studiegeld vir hoër-onderwysinstellings aangekondig het in reaksie op landwye protesoptrede teen die koste van hoër onderwys, het universiteite 'n tekort van R2,3 miljard in die gesig gestaar.

"Ons het R1,9 miljard van die R2,3 miljard voortspruitend uit die ooreenkoms voorsien. Ons het meer as R5,7 miljard oor [die volgende drie jaar] aan universiteite geprioriseer om te verseker dat die fooi-bevriesing in 2016 nie tot onhanteerbare tariefstygings in die toekoms lei nie," het die Minister verduidelik.

Die NSFAS-toewyatings sal neerkom op 'n styging van 47,3 persent in grondlynbevondsing vir NSFAS in 2016.

Die Minister het gesê dat dit, saam met die ander NSFAS-fondse, vanjaar 205 000 studente sal help om hulle studies by universiteite te voltooi, en 200 000 by kolleges vir tegniese beroepsonderwys en opleiding (TVET).

"Dit is altesaam 405 000 studente wat regeringsteun ontvang, 'n massiewe prestasie volgens enigiemand se standaarde.

"Ons het ook vir die 'vermiste middelvlak' beplan – daardie student wie se gesinsinkomste bo die NSFAS-drempel lê, maar steeds nie universiteitsfooi kan bekostig nie. Ons beplan om ons nuwe model in 2017 te toets en dit volledig in 2018 te implementeer," het hy gesê.

Die Presidensiële Kommissie ondersoek die lewensvatbaarheid van kostevrye onderwys vir universiteit- en TVET-studente, het die Minister bygevoeg.

## STUDENTEBEHUISING

Minister Nzimande het voorts gesê dat hy vanjaar die Infrastruktuurprogram vir Studentebehuisings gaan loods om die uitdagings van verblyf vir studente die stryd aan te sê.

Hy het gesê die departement sal tydens die Studentebehuisingsimposium in Junie sy

•••

langtermyn volhoubare program uiteensit, wat befondsingsmodelle en innoverende boutegnologie gaan gebruik om veilige en bekostigbare behuising te voorsien.

"Intussen werk ons saam met die Minister van Openbare Werke, Thulas Nxesi, om onderbenutte of ongebruikte regeringsgeboue te identifiseer wat gesik is om in bekostigbare en gerieflike studentebehuising vir sowel universiteite as TVET-kolleges te omskep."

## BEVORDER 'N GESONDE LEWENSTYL

Adjunkminister Mduduzi Manana het gesê in 'n poging om 'n gesonde lewenstyl in die studentegemeenskap te bevorder, het die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 'n veldtog genaamd *First Things First* van stapel gestuur, wat deur Higher Education AIDS (HEAIDS) geadministreer word en wat omvattende gesondheid- en welstandsdiens verskaf.

Dit sluit onder meer MIV-toetsing en TB-sifting, voortplantingsregte, geboortebeperking, moedergesondheid, bors- en serviksanker en lewenstyliektes in.

Hy het gesê die aantal studente wat vir toetsing aangemeld het, het die afgelope jaar gestyg.

"Altesaam 174 000 studente en werkers is net in 2015 deur die program bereik, en 79 persent meer studente het hulle vir MIV laat toets as in die vorige jaar," het die Adjunkminister opgemerk.

Hy het bygevoeg dat bykans 25 miljoen gegeurde kondome vir mans in die tersiëre onderwys-en-opleidingstelsel versprei is.

Adjunkminister Manana het gesê die program is onlangs as een van die beste op die vasteland erken, en dat die departement beplan om dit gedurende hierdie finansiële jaar selfs verder uit te brei.

Die HEAIDS se deurlopende beradingsdienste help student om hul MIV-status te hanteer, het hy bygevoeg.

Die Adjunkminister het die voorbeeld genoem van 'n student wat die universiteit verlaat het nadat sy deur die *First Things First* positief vir MIV getoets het en nie haar MIV-status kon aanvaar nie.

Maar deur HEAIDS se beradings-en-ondersteuningsdienste kon sy haar studies hervat en het nog net een jaar van studie oor.

"Sy is een van die ambassadeurs van *First Things First*; sy moedig student aan om uit te vind wat hul status is en voorsien hulle van berading en ondersteuning," het hy voorts gesê.

# 'n Helpende hand vir landelike huishoudings

## Amukelani Chauke

**D**ie Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming sal die implementering van 'n inisiatief om armoede te bestry, versterk en meer as 10 000 landelike huishoudings sal in die komende jaar daarby baat.

Tydens die departement se onlangse begrotingsrede in die Parlement, het die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming gesê die doel van die Een Huishouding, Een Hektaar-inisiatief-program is om armoede te bestry en 'n stand van swart kleinhewe-boere, produsente en agrovervaardigers te skep.

As deel van die inisiatief word 'n perseel van een hektaar (of gemeenskapstuin) aan elke behoeftige huishouding toegeken. Huishoudings kry dan bystand met die kweek van hul eie produkte en word in primêre koöperasies ingedeel, wat met die Agripark-inisiatief verbind is.

Die program is hoofsaaklik gerig op grond in staatsbesit, wat ook as tradisionele

gemeenskapsgrond beskryf kan word, het die Minister gesê.

"Die Een Huishouding, Een Hektaar-inisiatief-inisiatief sal geïmplementeer en met die Agripark-ontwikkelingsprogram belyn word, wat sodoeende die deelnemende huis-houdings van 'n vaste afsetgebied vir die bemarking van hul produkte sal voor-sien," het hy verduidelik.

Die Minister het gesê elk van die 44 Agripark-distrikte sal aanvanklik vyf terreine kry waarop die Een Huishouding, Een Hektaar-inisiatief-inisiatief geïmplementeer sal word. Dit sal neerkom op altesaam 220 terreine in die 2016/17 finansiële jaar.

"'n Minimum van 50 huishoudings sal by elke terrein betrokke wees. Dit sal dus die lewensbestaan van meer as 10 500 landelike huishoudings raak. Die departement het R100 miljoen vir die aanvanklike implementeringsjaar deur sy Herkapitalisering-en-Ontwikkelingsbegroting opgesygesit," het hy gesê.

## DIE AGRIPARKE-PROGRAM

Die departement gaan ook voort met die

volgende implementeringsfase van die Agripark-program oor 44 munisipaliteite vir voedselproduksie, asook die ontwerpen en konstruksie van nuwe infrastruktuur, het Minister Nkwinti bygevoeg.

Hy het genoem dat R2 miljard vir die nuwe finansiële jaar hiervoor bewillig is.

"Om die tempo van grondhervorming te versnel, ken ons grond aan kleinhoewe-boere toe en voorsien beskerming aan kwesbare gemeenskappe, insluitend plaasarbeiders en mense wat op plase werk.

"In dié verband is 'n bedrag van R89 miljoen toegewys vir die voorsiening vanregs- en bemiddelingsteun aan begunstigdes van grondhervorming om eiendomssekerheid te bevorder. 'n Bedrag van R791 miljoen is in die huidige finansiële jaar ooreenkomsdig hierdie doelwit vir grondverkryging bewillig.

## 50/50-BELEIDSRAAMWERK

Minister Nkwinti het ook kommentaar gelewer oor boere wat vrywillig aan die departementse program deelgeneem het, wat daartoe geleë het dat boere en plaaswerkers

die eienaarskap van kommersiële plase 50-50 tussen hulle verdeel het.

"Die President het in sy 2013-Staatsrede gesê hy verwag dat in 2013, teen die einde van hierdie termyn, 50 van die plase by die loodsprogram ingesluit sal wees ... Ons het waardering vir die mense wat na vore gekom het en gesê het hulle wil deel hiervan wees," het hy bygevoeg.

Volgens die Minister is 10 transaksies as deel van die Versterking van die Relatiewe Regte van Mense wat die Grond Bewerk (50/50 Beleidsraamwerk), gefinaliseer, met ongeveer 540 begunstigdes, wat 7 642 hektaar dek.

Meer as 50 voorleggings deur boere en organisasies is tot dusver ontvang.

Die program sal versnel word en R500 miljoen is vir hierdie doel in die nuwe finansiële jaar opsygesit.

Minister Nkwinti het bygevoeg dat, ná die heropening van die tweede geleenthedsvenster vir die indiening van grondeise, 143 720 eise teen 31 Maart ingedien is, met 27 696 eise wat by die mobiele kantore ingedien is.

# Werk om veiliger gemeenskappe te verseker

Amukelani Chauke

**N**uwe mobiele polisiestasies en gespesialiseerde eenhede sal in die komende jaar bekend gestel word om polisiesigbaarheid te verhoog en gemeenskappe van misdaad te bevry.

Dit is net een van die maniere wat onlangs in die Polisieministerie se Begrotingsrede aangekondig is, waardeur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) misdaad sal bestry.

Minister Nkosinathi Nhleko het gesê die SAPD het 'n begrotingstoewysing van R80,8 miljard vir die 2016/2017-finansiële jaar ontvang.

Die bestedingsfokus vir die medium termyn sal die volgende insluit:

- Aandag aan die huidige vaste instellings.
- Professionalisering van die polisiediens deur middel van vaardigheidsontwikkeling.
- Voortgesette versterking van die strafregtelike stelsel deur bydraes tot die opknapping-en-moderniseringsprogram.
- Versterking van die hulpbronvermoë van die Polisiëringseenheid vir Openbare Orde. Altesaam R1.957 miljard is vir hierdie doel bewillig.

"Ons het vir hierdie finansiële jaar die hulpbronvoorsiening van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (Valke) met befondsing van R1.431 miljard verhoog, wat ook vir die nuwe gespesialiseerde eenhede voorsiening sal maak. 'n Besluit is geneem om die Narkotika-buro en die Vuurwapenondersoekenheid weer in te stel in reaksie op die behoeftes en grootskaalse protes deur ons landsburgers," het die Minister bygevoeg.

## VEILIGER GEMEENSKAPPE

Die Adjunkminister van Polisie, Maggie Sotyu, het gesê die instelling van mobiele polisiestasies regoor die land sal help om veiliger gemeenskappe te bevorder, terwyl dit ook die publiek se vertroue in die polisie sal herstel.

"Die bekendstelling en daaropvolgende vestiging van mobiele polisiestasies sal in alle erns in Mei 2016 begin, met eerstens Khayelitsha Site C, gevolg deur Lavender Hill, Crossroads Village in Peddie, Botshabelo in die Vrystaat, en ander misdaadbrandpunte, in al nege provinsies," het sy verduidelik.



Die Suid-Afrikaanse Polisiediens werk daaraan om polisiesigbaarheid te verhoog om veiliger gemeenskappe te verseker.

Hierdie polisiestasies sal uit die SAPD se nasionale begroting befonds word.

Die Adjunkminister het daarop gewys dat verskeie departemente by die logistiek vir die bou van die polisiestasies betrokke is, wat beteken dat dit 'n taamlike tyd gaan neem om te voltooi.

Die terrein van die meeste van Suid-Afrika se landelike gebiede noop ook die Regering om mobiele polisiestasies in te stel, het sy bygevoeg.

Die Adjunkminister het ook die belangrikheid van polisiëring in landelike gemeenskappe beklemtoon.

"Ons moet seker maak dat die landelike gemeenskappe nie voel dat hulle 'n tweederangse polisiërdiens ontvang vergeleke met die stedelike gebiede nie."

"Ons moet voortgaan om georganiseerde misdaigers, wat gedurig daarop uit is om die landelike gemeenskappe se waardevolle vee steel, te vervolg en te straf."

Die Adjunkminister het gesê misdaad in landelike gemeenskappe gaan nie net voor veediefstal nie, maar ook oor geslagsgebaseerde geweld, bendebedrywigheid, geweld

en dwelmmisbruik in landelike skole.

Die uitdagende aard van die polisiëring van landelike gebiede, die afstand tussen dorpie en die afgelênhed van talle gemeenskappe kan tot 'n gevoel van kwesbaarheid en verhoogde vrees vir misdaad lei, het sy opgemerk.

"Die projek vir mobiele polisiestasies sal die Departement se Frontlinie-diensleweringsprogram versterk. Dit is 'n toegewyde program wat professionele polisielede nodig het om die mense van Suid-Afrika te dien, asook toeganklike en otvanklike polisiediensleweringspunte; 'n professionele en toerekenbare diens deur die polisie; en die vestiging van doeltreffende verhoudings met belanghebbendes, asook betrokkenheid in die lewering van polisiedienste," het sy gesê.

## BESKERM KWESBARE GROEPE

Die Adjunkminister het bygevoeg dat die SAPD tans twee netwerke bedryf wat gebruik word om die regte van die kwesbaarste groepe in die samelewning te bevorder, veral in die landelike gebiede.

Sy het gesê die SAPD se Vrouenwerk is

betrokke by visionêre programme in landelike gebiede, wat buitengewone pligsetrouheid bo en behalwe polisiëring toon en 'n unieke dinamika aan gemeenskapspolisiëring verleen.

"Hierdie netwerk het die bejaarde slagoffers van gewelddadige verkrating bygestaan, en seker gemaak dat die misdadigers wat hulle aan hierdie veragtelike misdade skuldig maak, gearresteer en gevonnis word."

"Daarbenewens sal die SAPD se Vrouenwerk en Manne vir Verandering 'n gemeenskapsuitrekprogram van stapel stuur wat op die probleem van *ukuthwala* van jong kinders in ons landelike gebiede, veral in die Oos-Kaap, fokus."

Die Adjunkminister het beklemtoon dat, hoewel die Regering tradisionele gebruik respekteer, sekere praktiese onaanvaarbaar is.

"Ons respekteer 'n tradisie wat 'n nasie bou, maar ons verafsku 'n sogenaamde kultuur wat ons kinders in die naam van tradisie onderdruk, mishandel, ontvoer en verkrug. "Ons sal daar die kindermishandelaars wat ons kinders in die naam van 'gemeenregtelike huwelike' ontvoer, arresteer," het sy gesê.

# SA baat by belegging in infrastruktuur

Amukelani Chauke

**S**uid-Afrikaners pluk tans die vrugte van die Regering se massiewe belegging in infrastruktuur in die vorm van, onder meer, nuwe skole, toegang tot water, elektrisiteitsverbindings en werksgeleenthede.

Dit is deur die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling Ebrahim Patel in sy onlangse Begrotingsrede bekend gemaak.

In 'n poging om die ekonomie te help stimuleer en werksgeleenthede te skep, belê die regering R1 miljard per dag in infrastruktuur oor verskeie sektore heen.

Die Minister het daarop gewys dat hierdie belegging 'n positiewe uitwerking op die lewens van gewone Suid-Afrikaners het.

Die geld het die Regering gehelp om 160 nuwe skole en ongeveer 100 000 nuwe huise te bou; 245 000 huise van elektrisiteit te voorsien en om 1 700 megawatt se nuwe elektrisiteit tot die nasionale rooster te voeg.

Die belegging het die Regering ook in staat gestel om 100 kilometer se groot waterpylyne te lê, wat miljarde liter water per week aan gemeenskappe en sakeondernemings kan versvoer; 29 nuwe klinieke en een nuwe hospitaal te bou, en drie nuwe geboue by die Universiteit van Mpumalanga asook nuwe behuisingseenhede vir 4 210 studente landswyd te voltooi.

"Ons het soortgelyke vordering gemaak met die vervaardiging van busse, taxi's en treine;

paaie is opgeknap, nuwe buslane is gebou en nuwe wi-fi-punte is in stedelike en landelike gebiede geïnstalleer. Die aantal direkte werksgeleenthede wat deur infrastruktuurbelegging geskep is, word op 291 000 beraam, en deur indirekte en afgelide indiensneming is 715 000 werksgeleenthede deur die Staat se infrastruktuurprogram ondersteun," het die Minister gesê.

## WERKSKEPPING

Ondanks die traie ekonomiese groei is duisende werksgeleenthede die afgelope jaar geskep, het hy bygevoeg.

"Die aantal werksgeleenthede het gedurende die afgelope kalenderjaar met ongeveer 700 000 toegeneem, maar druk word in bepaalde sektore soos mynwese en verwante nywerhede ervaar, wat vir ons 'n bron tot kommer is, het hy genoem.

Minister Patel het aangekondig dat AB InBev, 'n buitelandse maatskappy wat onlangs met die alkohol-en-koeldrankmaatskappy SAB Miller saamgesmelt het, ingestem het om R1 miljard te bestee as deel van 'n verbintenis wat sal help om 800 opkomende boere te ondersteun.

AB InBev het R1 miljard bewillig aan 'n lokaliseringsinitiatief vir boere en ander verskaffers van insette.

Bykans R610 miljoen hiervan sal gebruik word om die ontwikkeling van 800 nuwe opkomende boere en 20 nuwe kommersiële boere te



Regeringsbelegging in infrastruktuur lei tot werkskepping in verskeie sektore.

ondersteun sodat hulle meer gars, hop, mielies en mout kan verbou, met die strategiese doel om minstens 2 600 nuwe werksgeleenthede in die landbou te skep, het hy verder gesê.

"Ons het ooreengetrek dat die maatskappy R200 miljoen aan ondernemingsontwikkeling sal toewys, wat die vestiging van 'n inkubasiefasiliteit vir sakeondernemings, die bevordering van innovering en die ondersteuning van opleiding vir kleinsakeondernemings insluit."

## OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME

AB InBev het R190 miljoen toegewys aan volhoubaarheids- en opvoedkundige programme, soos die ontwikkeling van alternati-

tiewe energiebronne vir hul maatskappy se eie bedrywigheid, 'n verbintenis om afval te verminder en die hersirkulering en bewaring van water aan te moedig.

"Dele van ons land is waterskaars, nie net in tye van droogte nie, maar ook op die lang duur. Die maatskappy het hom tot jeugprogramme verbind, om beurse aan ingenieurstudente beskikbaar te stel, asook die voorsiening van 200 bykomende leerders.

"Ek dink dit is uiterst betekenisvol dat die maatskappy met die Regering wil saamwerk om te verseker dat ons die land oor 'n paar jaar van 'n netto-invoerder van hop na 'n netto-uitvoerder van hop en mout sal omskakel," het hy voorts gesê.